



SAOU

Noord-Kaap • Northern Cape

Posbus 110156 Hadisonpark 8306

E-pos: saouk@saou.co.za

☎ 053 832 2727

Faks 053 832 2460

SPLINTERNUUS

30 Mei 2016

No: 14 van 2016

KOLLEGAS

1. REGTE VAN OPVOEDERS

Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om elkeen te bedank wat hierdie sessies van verlede week bygewoon het. 'n Baie spesiale dankie aan die skole wat ons ontvang het en vir ons hulle geriewe beskikbaar gestel het – LS De Aar, LS Oranje-Noord, LS Springbok en Hoërskool Adamantia hier in Kimberley. U gasvryheid en vriendelikheid was opvallend.

In terme van die onderwerpe wat hanteer is, het ons baie gunstige kommentaar gekry. Verdermeer het ons 'n goeie aanduiding van wat ons met 'n volgende rondte sal moet byvoeg.

Ons leef in 'n wêreld wat elke dag meer en meer transformeer en verander. Daarom dat die persepsie bestaan dat opvoeders se regte al hoe meer ingeperk word. Die feit dat wette en regulasies ons daaglikse bestaan rig en reguleer, maak dit eweneens "moeilik" om ons dagtaak te verrig. MAAR ek staan daarby, as ons ons daaglikse werk as opvoeders MET DIE REGTE GESINDHEID aanpak, wil ek glo dat opvoeders alle moontlike regte het en daarop kan aanspraak maak! **Wees derhalwe uiters versigtig om botweg te weier; om teen die prikkels te skop en wees veral versigtig met WAT en HOE u praat...**

2. VAKATURELYS 1 VAN 2016

Alhoewel ons verheug is oor die langverwagte verskyning van 'n vakaturelys, is daar hier en daar klippies in die skoen. Ek lys hieronder 'n klompie antwoorde op navrae wat ons ontvang ten opsigte van die vakaturelys:

- 2.1 *Indien u tans in 'n tydelik departementele pos is, en die pos waarin u is, is in die gazette geadverteer, MOET u daarvoor aansoek doen.*
- 2.2 *Indien u in 'n tydelik departementele pos is, en u het niks OP SKRIF dat u omgeskakel is na permanent nie, MOET u vir die geadverteerde pos(-te) in die gazette aansoek doen.*
- 2.3 *Die sluitingsdatum vir hierdie vakaturelys is eerskomende Vrydag, 3 Junie 2016*
- 2.4 *Maak asseblief DUBBELD SEKER van die instruksies alvorens u u aansoek verseel en versend. Maak seker dat alles daarin is wat daarin moet wees. Kyk veral na die dokumente wat gesertifiseer moet wees.*
- 2.5 *Indien u nie meer in besit is van u matrieksertifikaat nie, kan u daarvoor aansoek doen by die Departement van Onderwys. U moet ook 'n beëdigde verklaring by die SAPD gaan aflê dat u dit verloor het en vir 'n nuwe een aansoek gedoen het DAN MOET u daardie beëdigde verklaring, sowel as die bewys van die aansoek, by u aansoek om aanstelling heg.*



ONS BLY DAREM IN 'N ONGELOOFLIKE MOOI PROVINSIE!

3. SERTIFIKATE VIR BYWONING

Let asseblief daarop dat ons nie meer sertifikate uitreik vir bywoning van bemagtigingsessies nie – soos (bv.) die werkswinkel oor dissipline in Januarie 2016 en die pas afgelope sessie oor die Regte van Opvoeders. In die plek daarvan, registreer ons u bywoning by SARO (SACE) ten einde vir u die sg. CPTD-punte te verwerf.

4. LEDE-SAKE

Ons stelsel maak voorsiening vir twee “tipes” lede, t.w. SBL-lede en die sg. PERSAL lede. Lg. is doodeenvoudig lede met ‘n persalnommer wat deur die NKOD betaal word. Dit gebeur van tyd tot tyd (soos sekerlik nou weer met die verskyning van die Vakaturelys) dat SBL-onderwysers ‘n departementele aanstelling kry. Daar is letterlik geen manier hoe ons kantoor gaan weet as u status verander het nie. Wanneer u status verander van SBL na Departementeel, dan MOET u *asseblief dadelik vir mev. Van der Merwe by ons kantoor skakel en haar dienooreenkomstig inlig*. Mev. Van der Merwe sal dan vir u bystaan en laat oorskakel op die stelsel – dit sal ook verhoed dat u DUBBELD betaal.

Vriendelike groete

Henk Brand
Provinsiale Sekretaris



Tel: 053-8322 727
Fax: 053-8322 460
www.saou.co.za

